# Ned. Geref. Kerk Kuilsrivier-De Eike


Posbus 272 | ☎ 021 903 3818 | E-pos adres: ngkeike@cybersmart.co.za
Kuilsrivier | Faks 021 903 9541 | info@ngkeike.co.za
7579 | | Webwerf : www.ngkeike.co.za

http://www.facebook.com/pages/De-Eike-Gemeente-FB/199958340046137

| Leraars: Ds. H Burger | Ds. C Barnardo | Ds. J Morkel | Ds. J Viljoen |
|---|---|---|---|
| ☎ 021 903 1798 | 021 982 7076 | 021 903 6654 | 084 383 7427 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Saakgelastigde | Mariana van Schalkwyk | ☎ 021 903 3818 Ure 08:00 – 12:00 | |
| Sekretaresse | Cathy Fullard | ☎ 021 903 3818 Ure 08:00 – 12:00 | |
| Koster | Tim Burrows | ☎ 021 903 3818 of 082 444 5677 | koster@ngkeike.co.za |
| Kinderkerk | Riëtta Odendal | ☎ 021 903 4963 | |
| Snr Kategese | Anien Heydenrych | ☎ 074 496 6519 | |
| Orrelis | René Ferreira | ☎ 021 981 4806 (h) of 021 981 5522 (w) | |


## Verlede week se erediensbywoning

Oggenddiens: 283
Kinderkerk: 0
Aanddiens: 0

**Totaal : 185 van 1727 (16.39%)**

## *30 Julie 2017*

## *Agste Sondag in Koninkrykstyd*

**09:30 Oggenddiens - GESINSDIENS**
**Deuroffer ten bate van Paarl-skool**
**Kinderkerk – kinders woon Gesinsdiens by**

**Erediensspan 2 – Charl van Zyl**

**18:00 Aanddiens**
**Senior Kategese na afloop van die aanddiens**

## VANDAG SE DEUROFFER IS TEN BATE VAN:

## PAARL-SKOOL

Daar is tans 345 kinders wat by Paarl Skool vir neural gestremde kinders te Brackenfell skoolgaan. Kinders met serebraal-, fisiese en leerafwykings, outistiese kinders en kinders wat in motorongelukke beseer is, kom na Paarl skool. Met die hulp van spraak-, arbeids- en fisioterapeute en sielkundiges, 'n verpleegsuster en spesiaal opgeleide onderwysers word elke kind geevalueer en kry individuele aandag volgens hul onderskeie behoeftes. 16 spesiaal aangepasde busse vervoer daagliks 220 leerders na en van die skool vanaf so ver as Wellington, Paarl, Stellenbosch en Gordonsbaai. Gesamentlik reis hulle ongeveer 1500 km per dag. 36 leerders bly in die skool se koshuis.

Alhoewel die skool die normale kurrikulum van die Onderwysdepartement volg, word gespesialiseerde toerusting soos rystoele, opvoedkundige programme en spesiale rekenaars gebruik. Gemeentes se ondersteuning word opreg waardeer.

# WEEK SE PROGRAM

**Gebedsonderwerp vir die week:**

**DIE NUWE SEMESTER**

## Leesroostertekse vir die week

Matt 14:13-21; Gen 32:22-31; Ps 17:1-7, 15; Rom 9:1-5

| Datum | Tyd | Wie / Wat | Besonderhede |
|---|---|---|---|
| Maandag 31-Jul | 19:30 | Vroue Bybelstudie kleingroep | Byeenkoms in Moederskamer |
| | 19:30 | Sportmanne | Bybelstudie byeenkoms in konsistorie |
| Dinsdag 01-Aug | 09:30 | Senior Burgers | Bybelstudiebyeenkoms in die konsistorie |
| | 19:00 | Kerkkoor | Oefening in kerk |
| | 19:00 | Eiendomskommissie | Vergadering in die konsistorie |
| | 19:00 | Pannie se kleingroep | Kleingroepbyeenkoms by Pannie se huis |
| Woensdag 02-Aug | 9:30 | Vrouelidmate | Bybelstudiebyeenkoms in die Moederskamer |
| | 18:30 | Kommunikasie Taakspan | Vergadering in die konsistorie |
| Donderdag 03-Aug | 9:30 | Dienssentrum vir Seniors | Byeenkoms by Moedergemeente se kerksaal Spreker: mnr Willie Ackerman - versorger van sy vrou met Alzheimers vir bykans 8 jaar. |
| | | Sopkombuis | Andrieshia Radyn, Marianne Brink, René van Schalkwyk, Irma van Schalkwyk, Riana van Niekerk, Lucy Mulder |
| | 19:00 | Uitvoerende Kommissie | Vergadering in Moederskamer |
| Vrydag 04-Aug | 9:30 | Gebedsgeleentheid | Alle lidmate word genooi om te deel in die weeklikse geleentheid in die Moederskamer |
| | | | |
| Saterdag 05-Aug | | | |
| | | | |

| VOLGENDE SONDAG SE PROGRAM – 6 Augustus 2017 | |
|---|---|
| **09:30 Oggenddiens - DOOP**<br>**Deuroffer ten bate van Makhathini**<br>**09:30 Kinderkerk in die konsistorie**<br><br>**Erediensspan 3 – Johan Norman** | **18:00 Aanddiens**<br>**Senior kategese na afloop van die aanddiens** |

# Nuwe Lidmate

1. Welkom aan alle nuwe De Eike lidmate – skryf gerus u naam in die *Nuwe Intrekkers Registers* by die deure.
2. Die volgende lidmate se lidmaatskapsertifikate is ontvang:
   -

# Verjaarsdae vir die week

30/07 Tommie Traut, Beat du Toit, Joos van Zyl, André Smith, Kaylin du Toit, Erna Carstens, Corné van der Merwe
31/07 Keith Klose, Brad-Lee Prinsloo, Lielah Albertyn, Natalie Kennedy, Jamie Losper
01/08 Quentin van Niekerk, Bea Swart, Clariska Kotzé, Bennie du Plessis, Gustav Marais, Reynier van der Watt
02/08 O'Den van der Westhuizen, Judie Steyn, Hennie Barnard, Miemie Loubser, Carlien Coetzee, Anien Heydenrych
03/08 Shaun Kearny, **Mariana van Schalkwyk,** Hein Smit, Carol Kotze, Annette de Villiers, Ronél Marais, Conrad Wentzel, Eugene Slabbert
04/08 Lu-Adri Groenewald, Chrisma Terblanche, Sylvia Lötter
05/08 Elzeth Loots, Elmarie Steyn, Leandré Hough

# Danksegging en Voorbidding

1. Amanda Randewijk (Klaradyn Aftree-oord) was in die hospitaal.
2. Jossie le Roux (Paul Kruger straat 15) is tans in die hospitaal.

## Van alles en nog wat

1. Versoeke vir **gebedsvoorbidding** kan deurgegee word na enige van die gebedsgroepe by die volgende lidmate : Lerina Venter (021 903 9069) en Marita Koen (021 903 7820)
2. **Liedere Versoek-boek:** indien daar 'n spesiale lied is wat jy graag wil versoek deur die gemeente gesing moet word, skryf dit gerus in die versoek-boek wat in die vakkie in die voorportaal is.
3. **Die Mediasentrum** is elke Sondag na die erediens oop, gedurende die skoolkwartale.
4. Ons is nog steeds op soek **na ou tydskrifte** om te versprei na minderbevoorregtes. Bring gerus na die kerkkantoor. **Enige ou klere** – somer sowel as winterklere – is ook welkom, sowel as beddegoed, handdoeke, gordyne, ens.
5. **Sopkombuis:** Lidmate wat graag 'n brood vir die sopkombuis wil skenk, kan dit in die mandjies by die deure plaas of na die kerkkantoor neem.
6. Daar is **gratis Afrikaans, Engels en Xhosa Bybels** by die kerkkantoor beskikbaar wat lidmate kan skenk aan iemand wat nie 'n Bybel het nie. Ons dink veral aan huis- en tuinwerkers, petroljoggies, ens.
7. Daar is vanoggend na afloop van die oggenddiens 'n kerkraadsvergadering ten einde afgevaardigdes aan te wys na die komende Ringsitting.
8. Die belydenisklasgroep van 2016 kom vanaand na die aanddiens in Tim se kantoor bymekaar.
9. Ds Johan Morkel het eerskomende naweek 'n afnaweek.

**Die Kommissie vir Vrouelidmate**
**(voorheen bekend as Vrouediens)**

## GEDAGTE VIR DIE WEEK

Daar is net een manier om jou kinders te leer om in Christus se voetspore te loop end it is om dit self te doen.
Abraham Lincoln



## PROJEK 2017 – EIKENDAL PRIMêRE SKOOL

Ons samel steeds skryfbehoeftes in vir dié skool in Kraaifontein. Hulle benodig die volgende:

- HB potlode
- Skerpmakers
- uitveërs
- uitdraai kryte
- Pritt

Skenkings kan in die mandjies by die deure geplaas word.

## DE EIKE KOSKAS

Die koskas waaruit behoefte lidmate en gesin in ons gemeente kospakkies ontvang, **is tans baie leeg.** Bydraes van enige nie-bederfbare kos, skoonmaakmiddels, toiletware, ens. is dringend nodig om dié lidmate te kan help. Enige bydrae kan in die mandjies by die deure geplaas word of gedurende die week by die kerkkantoor afgegee word.

**DAMESKRING** (‘n organisasie onder die FAK-sambreel wat haar beywer vir Afrikaans, Afrikaanse kultuur en ons jeug se Christelike opvoeding) samel fondse in vir die volgende projekte: finansiële bystand te verleen vir **STUDIEBEURSE VIR AFRIKAANSE STUDENTE,** 'n bydrae vir 'n **nasionale boekprojek** "Waardes vir woelwaters" wat reeds sy derde oplaag beleef asook die groot **ENGELE-projek** om finansieelgestremde hoërskoolleerders (wat geïdentifiseer is) finansieel by te staan om hul skoolopleiding te voltooi.

Een so ‘n fondsinsamelingprojek is ‘n groot konsertaand met **JAK DE PRIESTER** op 18 Augustus 2017 in die skoolsaal van Hoërskool Brackenfell. Koffie, muskadel en eetgoedjies sal beskikbaar wees. Jak de Priester sal ook sy eie CD's daar verkoop. Daar is veilige parkering en die saal is rolstoelvriendelik. Kaartjies is **R120** en by **Computicket beskikbaar.**

## KLUB VIR SENIORS

Ons gaan vanoggend na die oggenddiens ‘n klub vir Senior Burgers stig. Alle Senior Burgers in die gemeente is baie welkom. Ons gaan na die oggenddiens eers tee/koffie in die saal drink en daarna saamkom in die erediensruimte. Die byeenkoms sal nie lank duur nie.

### René Ferreira

Baie geluk aan René wat gedurende die vakansie verjaar het. Ons wens haar ‘n mooi nuwe lewensjaar toe.

In terme van haar dienskontrak met De Eike sou sy vandag afgetree het, maar die kerkraad het besluit om haar kontrak te verleng tot die einde van die jaar.

## LENTE TEE

NG Kerk Kuilsrivier Digtebij bied aan ‘n heerlike LENTE TEE as fondsinsameling vir hul gemeente. Die gasspreker/sanger is ds. Marius Falck van Melkbosstrand gemeente.

Wanneer: Saterdag 9 September 2017 om 10:00

Waar: Kerksaal van NGK Kuilsrivier-De Eike

Koste: R100 per person

Kaartjies is beskikbaar by Digtebij se kerkkantoor (021 903 1564) of by Monica Henstock (021 938 6242).

## *BOEKE TE KOOP*

Sonja Burrows het laat weet dat daar nog heelwat boeke oor is na die basaar. Sy gaan eerskomende Saterdag, 5 Augustus, vanaf 10:00 tot 12:00 beskikbaar wees hier by die kerk vir lidmate wat belangstel om boeke teen weggee pryse te kom koop.

Lidmate wat boeke wil skenk, kan dit dan ook hierheen bring of gedurende die week by die kerkkantoor afgee.